2

Kleuterkerk Doen-boek

VIR 2-5-JARIGES

Bybel-Media | jeugfokus

My naam is

_____

Jesus is lief vir my.

Kleur die prentjie van die mense wat die Here prys met helder kleure in. Dit sal jou help onthou dat alles wat lewe die Here moet prys.

- 2 -

Alle mense buig voor Jesus

Hulle het gestaan voor God se troon en voor die Lam. Hulle het wit klere gedra en hulle het takke van palmbome in hulle hande gehad. Hulle het hard geskree en gesê: "Ons God sit op die troon, Hy en die Lam het oorwin!"

– Openbaring 7:9-10

Die Here het ons almal gemaak en Hy is lief vir ons almal, maak nie saak hoe ons lyk, waarin ons goed vaar of waar ons vandaan kom nie. God het vir Jesus aarde toe gestuur om vir elke mens se sonde te sterf, nie net vir party mense nie. Wanneer ons vir die Here sê ons is jammer oor die verkeerde dinge wat ons doen, was Jesus ons sonde weg. Dan is ons silwerskoon voor Jesus.

Dankie, Jesus, dat U alle mense gemaak het, ook vir my.
Dankie dat U al my sonde wegwas en in my hart kom bly het. Amen.

Kleur die palmtakkie in. Terwyl jy die prentjie inkleur, dink aan Jesus wat jou sonde weggewas het sodat jy sy kind kan wees. Dit is iets om oor fees te vier.